Desmond Dube het 'n droom...
...hy sien hoe 'n miljoen Suid-Afrikaners - oor ras-, taal- en kultuurgrense heen saamstaan uit protes teen misdaad.

Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Super14-bepalings en -uitslae
Bepalings, uitslae, puntestand in 2008 se Super14-rugbyreeks. Klik hier vir die spanne, hul kleure. Nuwe reëls.

advertensie

NOG 'N REUSE-BOERPOT BY AFRICAN PALACE SE AANLYN-CASINO
Alexandra Nett het 'n bielie van 'n boerpot van R1,106,761.05 op African Palace se "Magic Slots" muntoutomaat gewen. By African Palace aanlyn-casino word wen 'n werklikheid
R100 GRATIS om mee te speel! Kliek hier »
No <18s

VIR ALLE GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES
NETADS 24
Alle Kategorieë
SOEK
Plaas jou GRATIS advertensie hier!
SOEK | KOOP | VERKOOP

VIND JOU OU SKOOLVRIENDE
Kies jou skool se provinsie
Kies
en klik op die eerste letter van jou skool
A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z

Vroue kán beroep én gesin hê

May 22 2008 09:21:56:893PM - (SA)

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend

Vroueleiers wat bewys dat jy 'n suksesvolle leier kan wees sonder om jou identiteit en vroulikheid in te boet: me. Cynthia Carroll, uitvoerende hoof van Anglo American, me. Maria Ramos, uitvoerende hoof van Transnet, en Khanyi Dhlomo, stigter van Destiny en dryfkrag agter Ndalo Media.

Vroue kan omtrent vyf goed gelyk doen en alles boonop goed ook, sê ons graag. Maak dit hulle beter leiers in die sakewêreld? **Marzanne van den Berg** het 'n paar vroueleiers uitgevra oor leierseienskappe en uitdagings.

Vroue kan "alles" hê, maar jy moet seker maak dit is die "alles" wat vir jóú werk, want "alles" is vir elkeen iets anders.

Khanyi Dhlomo het onlangs tydens 'n praatjie oor vroue en leierskap by die Wits-sakeskool in Johannesburg dié antwoord gehad op 'n vraag of vroue alles – 'n suksesvolle beroep en gelukkige gesin – kan hê. As jy dit aan eksterne faktore meet, is die kans goed dat jy nie "alles" gaan hê nie, het sy gesê.

Dhlomo het 'n MBA aan die Harvard-universiteit se sakeskool verwerf en is die stigter en redakteur van Destiny, 'n tydskrif vir sakevroue, en die dryfkrag agter die uitgewer daarvan, Ndalo Media, 'n gelyke vennootskap tussen haar en Media24.

Sy is een van die min vroue onder Suid-Afrika se sakeleiers.

Die syfers

Onlangse navorsing deur Landelahni Business Leaders het getoon vroue maak net 11% van die direksies van die JSE se 100 topmaatskappye uit, sê Dhlomo.

Me. Yvette Montalbano, uitvoerende hoof van die Sakevrouevereniging (BWA), sê die BWA se 2008-sensus oor vroue in korporatiewe leierskap wat onlangs bekend gestel is, toon net 13 vroulike direksievoorsitters uit 335 moontlike posisies en 13 vroulike uitvoerende hoofde uit 335 moontlike posisies. "Saam maak hulle net 7,8% van die totale groep uit. As 'n mens kyk na die totale poel van die werkende bevolking, maak vroue 42,2% uit. Hoekom is net 7,8% van hierdie groot groep senior hoofde?"

Hoekom so min?

Me. Lindie Engelbrecht, uitvoerende hoof van die Instituut van Direkteure, sê vroue moet in verskeie bedrywe steeds harder werk om hulself te bewys. "Baie organisasies glo steeds mans en vroue moet dieselfde behandel word, soos om 15 uur per dag sewe dae per week te werk, en as vroue dit nie kan doen nie, hoort hulle nie daar nie," sê sy.

"Hulle verstaan nie dat enige werker, man of vrou, wat op 'n buigsame grondslag werk, nie noodwendig minder ure werk of minder uitset lewer nie.

"Inteendeel, 'n mens vind sulke mense handhaaf 'n beter balans, is meer gemotiveerd en lewer in baie gevalle meer uitset as die agt-tot-vyf-personeel."

Volgens Montalbano is geslagsdiskriminasie steeds die enkele grootste uitdaging vir vroueleiers. "Vroue is meestal die versorgers van kinders en bejaardes. Dié verantwoordelikheid, of ons dit wil erken of nie, keer dat 'n vrou in die korporatiewe wêreld op gelyke voet met 'n man meeding."

Sy meen die huidige kriteria vir sukses is gesmee in 'n omgewing oorheers deur mans en bevoordeel daarom mans. Baie vroue en sommige mans besluit op 'n punt in hul loopbaan dat die opoffering swaarder weeg as die beloning en verlaat die wedloop, sê sy. Baie vroue verruil die korporatiewe wêreld vir entrepreneurskap weens die buigsaamheid wat dit bied om hul ander verantwoordelikhede na te kom. Baie ander hou op om vir die topposisies mee te ding. "Behoort ons gedwing te word om hierdie moeilike besluite te neem? Ek dink nie so nie."

Sy sê die ongelykhede sal voortduur totdat die kriteria vir sukses verbreed en toegewings gedoen word vir mans en vroue wat omstandighede soos kinders en ander verantwoordelikhede in ag neem sonder dat gedink word dit sal verhinder dat hulle presteer.

Wat maak vroue goeie leiers?

Dhlomo glo vroue se buigsaamheid en aanpasbaarheid maak hulle goeie leiers.

"Vroue heg waarde aan verhoudings en is meer intuïtief as mans. As ons verhoudings bou, moet ons daardie sesde sintuig gebruik en na ons binnestem luister," sê Dhlomo.

"Leiers moet goed ontwikkelde interpersoonlike vaardighede hê en 'n duidelike beeld ontwikkel van die waardes, belangstellings, hoop en drome van die mense wat hulle lei.

"Vroue het 'n buitengewone vermoë op dié gebied. Hulle kan mense se buie beter lees, hul behoeftes antisipeer en hul begeertes begryp."

Engelbrecht meen ook vroue se sesde sintuig maak dit vir hulle makliker om mense te "lees" en

Adverteer in Beeld | Kontak ons

onderliggende liggaamshouding te interpreteer. Vroue kan ook konflik?situasies en aggressie kalmeer en sodoende emosie uit die raadsaal neem.

“Oor die algemeen beskik vroue oor dienaar-leierseienskappe om personeel te motiveer deur ondersteuning en om emosioneel betrokke te raak.”

Uitdagings

Dhlomo sê een van die uitdagings vir vroueleiers is om ’n aanvaarbare leierskapstyl te ontwikkel sonder om “ ’n man te word”.

“Baie vroue is bang om hulle reguit uit te druk omdat hulle nie aggressief of oorheersend wil voorkom nie. Enige vorm van dominante gedrag, verbaal of nie-verbaal, word meer negatief beskou as dit deur vroue is.”

Van vroue word verwag om hul direkte stellings met inklusiewe stellings te kwalifiseer. Die voordeel, sê Dhlomo, is dat ons in ’n era leef wat die inklusiewe benadering na waarde skat.

“Dis belangrik om ons sterk en swak punte en emosies te verstaan en daaraan te werk om ’n beter waarnemer van ander se emosies te wees.

“Goeie leiers verstaan hul eie beperkinge en probeer nie alles vir almal wees nie. Suksesvolle vroueleiers bly getrou aan hulself en boet nie hul identiteit en vroulikheid in nie.”

Engelbrecht sê vroue en mans verskil, en albei het goeie én slegte eienskappe. “ ’n Mens moet die beste maak van die goeies en die slegtes probeer verbeter.

“Vroue kan hul sagter, emosionele sy gebruik om empatie te hê met mense en maatskappye te beïnvloed om ’n positiewer uitwerking op die samelewing te hê.”

Montalbano meen mans en vroue wat saamwerk en mekaar aanvul, lei tot beter leierskap. “Diegene wat die eienskappe kan aanneem en aanpas soos die situasie dit vereis, is die suksesvolste en word goeie leiers.”

Khanyi se wenke

- Glo in jouself: Slegs dán kan jy sukses behaal.
- As jy op ’n punt kom dat jy aan jouself twyfel, vul die leemte. "Het jy al opgelet dat, wanneer jy besig is, jy net nie die tyd het om jammer te voel vir jouself nie? ’n Nuutgevonde talent of vaardigheid kan net jou geloof in jouself versterk."
- Bly gefokus: "Selfs al verloop dinge nie reg in ons loopbaan nie, as ons ons doelwitte uit die oog verloor, is dit onmoontlik om hulle te bereik."
- Waardeer jou suksesse: "Baie van ons is so besig dat ons onsself nie die tyd gun om ons prestasies te erken nie."
- Gebruik optimistiese, positiewe taal: "Kom ons dink oor wat ons kan doen en gedoen het eerder as wat ons nie kan doen nie en nie gedoen het nie."
- Wees spontaan: ?Ons kan ’n vriend onverwags besoek of vir ’n naweek wegbreek. Deur vrolikheid in ons lewe in te bring, skep ons die energie wat ons nodig het om in onsself te glo."

Laaik.it

Teken in op Beeld

Kry Beeld op jou Facebook-profiel

Kry nuus op jou selfoon by www.beeld.mobi

-- Top stories in hierdie kategorie --

PROMOSIE

Bespaar NOU met OUTsurance!
Kommer die stygende rentekoerse jou? **Bespaar** tot en met **25%** op jou **versekeringspremie.** **Kliek hier** vir ’n gratis kwotasie.

Gratis R100 Internet Kasino-Bonus om jou geluk mee te beproef
Het jy geweet dat jy als die opwinding van dobbel en groot boerpotte wen uit die gemak van jou huis kan geniet? Aanlyndobbel is die nuwe gonswoord. As jy dit nie doen nie is jy uit pas met die res. Geen deposito is betaalbaar om toegang tot die beste in aanlyndobbeltegnologie te kry nie.KLIEK HIER

Versekering sluk jou geld
Die enigste manier om 30-40% te spaar is om premiums te vergelyk...

Mediese Fondse
Hoë Mediese Fonds premies? Vergelyk 40+ Fondse 100% Gratis en Bespaar!

Ads door Google